education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 7

EKONOMIESE – EN BESTUURSWETENSKAPPE

HALFJAAR GEKONTROLEERDE TOETS

JUNIE 2024

TYD: 90 MINUTE

[09:00 – 10:30]

PUNTE: 100

Die vraestel bestaan uit 7 bladsye

Kopiereg Voorbehou

INSTRUKSIES

1. Lees AL die instruksies deeglik.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. ‘n Spesiale ANTWOORDBOEK is voorsien waarin al die vrae beantwoord moet word.
4. Jy mag ‘n nie-programeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

KOPIEREG VOORBEHOU

AFDELING A: DIE EKONOMIE EN FINANSIËLE GELETTERDHEID

VRAAG 1

Voltooi die volgende stellings deur die korrekte woord(2) wat in lys hieronder verskaf word te gebruik.Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1 tot 1.5) in die antwoordboek neer.

geld	klein	tydelik	goedere	moderne gemeenskappe	traditionele gemeenskappe
papier	bank	Afrikaners	goudsmid	verteenwoordiger	Edelstene

1.1 … is ook mense wat nie van hul baie ou leefstyl verander het nie.

1.2 Nomade het in… skuilings gebly, omdat hulle altyd rond beweeg het.

1.3 In ruilhandel word … vir goedere geruil.

1.4 Tradisionele gemeenskappe het hul edelgesteentes na die … geneem vir veilige bewaring.

1.5 … alle geld word gerugsteun deur 'n gelyke hoeveelheid goud of silwer wat deur 'n regering geberg word.

(1 x 5) (5)

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.1 – 2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Wins is…

A ekstra geld
B besigheidsinkomste minus uitgawes.
C uitgawes minus inkomste.
D bates minus laste.

2.2 Die twee hoof items in 'n begroting is…

A bates en laste.
B inkomste en uitgawes.
C oorskot/surplus en tekort.
D salaris en kruideniersware.

2.3 'n Ekonomiese definisie van besparing is…

A geld wat nie spandeer is nie.
B geld in 'n vaste deposito rekening.
C geld in 'n beleggingsrekening.
D geld in 'n spaarrekening.

KOPIEREG VOORBEHOU

2.4 Banke gee… aan mense wat geld benodig om 'n huis te koop.

A geld
B verbande
C boumateriaal
D kapitaal

2.5 … is 'n voorbeeld van 'n finansiële rekord.

A Skootrekenaar
B 'n Bankstaat
C 'n Notaboek
D 'n Rekordboek

(1 x 5) (5)

TOTAAL AFDELING A: 10

AFDELING B: DIE EKONOMIE

VRAAG 3

3.1	Gee die naam van die afdeling in die Suid-Afrikaanse Reserwebank wat verantwoordelik is vir die maak van munte.	(1)
3.2	Noem enige **DRIE** (3) elektroniese bankfasiliteite.	(3)
3.3	Identifiseer die rol van geld soos gebruik in die drie scenario's hieronder:	
3.3.1	Die prys van 12.5 kg mieliemeel is R100.	(2)
3.3.2	Paul gebruik 'n R20 banknoot om 'n brood te koop.	(2)
3.3.3	Teboho deponeer sy geld in 'n beleggingsrekening by die bank.	(2)

[10]

VRAAG 4

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg. Skryf die korrekte antwoord langs die vraagnommer (4.1 – 4.8) van die ANTWOORDBOEK neer.

Armoede is die grootste probleem in Suid-Afrika. Meeste mense is werkloos en het nie 'n inkomste wat hulle nodig het om hul basiese behoeftes te bevredig nie. In die landelike gebiede van Suid-Afrika word kinders by grootouers groot, omdat hulle ouers na die stede gaan om werk te soek. Meeste kinders wat nie by hul ouers bly nie, sukkel met hulle skoolwerk omdat daar geen ouers by die huis is om hulle te lei en te ondersteun nie. Die grootste uitdaging in die landelike gebiede is dat daar geen biblioteke is waar skoolkinders met hul studies gehelp kan word nie. Meeste mense wil die landelike gebiede verlaat om in die stede te gaan woon.

4.1 Noem **TWEE** oorsake van die sosio – ekonomiese wanbalans wat in die gevalle studie genoem word. (2)

4.2 Identifiseer **EEN** voorbeeld van ŉ basiese behoefte van gesinne wat in die gevallestudie genoem word. (1)

4.3 Gee **TWEE** basiese behoeftes van gemeenskappe wat genoem is in die gevallestudie. (2)

4.4 Wat is die **VIER** basiese behoeftes van ŉ individu. (4)

4.5 As jy mense van die landelike gebiede sou aanraai om nie na die stede te trek nie, wat sou jy sê? Motiveer jou antwoord deur **DRIE** redes te gee. (6)

[15]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID

VRAAG 5

Klassifiseer die volgende items en sê of dit ‘n bate, kapitaal, ŉ las of ŉ transaksie is. Maak ‘n kruisie (x) in die korrekte kolom van die tabel in jou ANTWOORDBOEK neer.

Items		**Bate**	**Kapitaal**	**Laste**	**Transaksie**
5.1	Die besigheid koop skryfbehoeftes en betaal kontant.				
5.2	‘n Bankbalans van R100 000.				
5.3	Die eienaar het kontant, geboue en sy voertuig gegee om die besigheid te begin.				
5.4	Oortrokke saldo/balans van R10 000.				
5.5	Handelsvorraad ter waarde van R6000.				

(5 x 2) **(10)**

KOPIEREG VOORBEHOU

VRAAG 6

Bestudeer die volgende scenarios en sê of ‘n kapitaalbelegging of ‘n finansiële belegging gemaak is. Kategoriseer die beleggings in hierdie scenario’s as kapitaalbelegging of finansiële belegging. Skryf die antwoord in die tabel van jou ANTWOORDBOEK neer.

	SCENARIO’S	**TIPE BELEGGING**
6.1	Die graad 7 leerders begin ‘n besigheid met hulle sakgeld.	
6.2	Keke se pa koop ‘n nuwe taxi.	
6.3	Mr Mokoena bou kamers om te verhuur.	
6.4	Sipho open ‘n vaste depositorekening vir sy besigheid.	
6.5	Dudu se karwasbesigheid het aandele in Pick n Pay.	

(5 x 2) **(10)**

VRAAG 7

Die tabel hieronder gee ‘n lys van uitgawes en inkomstes van Sipho se sekuriteitsbesigheid vanaf Januarie tot Mei. Bereken die wins of verlies wat Sipho se sekuriteitsbesigheid in elke maand gemaak het. Indien die besigheid ‘n wins gemaak het, skryf die bedrag in die winskolom neer. Indien die besigheid ‘n verlies gemaak het, skryf die bedrag in die verlieskolom neer. Skryf jou antwoorde in die tabel van jou ANTWOORDBOEK neer.

	MAANDE	INKOMSTE	UITGAWES	VERLIES	WINS
7.1	Januarie	R 37 000	R 17 000		
7.2	Februarie	R 45 000	R 15 000		
7.3	Maart	R 34 000	R 35 000		
7.4	April	R 51 000	R 21 000		
7.5	Mei	R 42 000	R 42 500		

(5 x 2) **(10)**

KOPIEREG VOORBEHOU

VRAAG 8

Kyk na die volgende lys van die besigheidsuitgawes en -inkostes. Klassifiseer en skryf slegs vyf van elk van die inkostes en uitgawes in jou ANTWOORDBOEK neer.

Besigheidsinkomstes en –uitgawes.

dienste gelewer, verkope, fooie verdien, kommissie, afslag ontvang, huur betaal, lone, versekering, water en elektrisiteit, advertensies, skoonmaak produkte, telefoon, skryfbehoeftes, huurgeld ontvang, bankkoste , brandstof, rente ontvang, tantieme, wins, skenkings ontvang.

	Besigheidsinkomstes		Besigheidsuitgawes
1		1	
2		2	
3		3	
4		4	
5		5	

(10 x 1) **(10)**

VRAAG 9

Bestudeer die volgende voorbeeld. Bereken die verskil en dui aan of die besigheid 'n oorskot/surplus of 'n tekort gemaak het. Skryf die antwoord in die tabel van jou ANTWOORDBOEK neer.

	INKOMSTE	**UITGAWES**	**VERSKIL**	**SURPLUS OF TEKORT**
voorbeeld	***R 300***	***R 100***	***R 200***	***Surplus***
1	R 10 200	R 6 400		
2	R 5 200	R 7 800		
3	R 7 550	R 7 050		
4	R 1 900	R 1 990		
5	R 1 440	R 140		

(10 x 1) **(10)**

VRAAG 10

Lees die volgende gevallestudie en berei die staat van NETTO WAARDE vir Kananelo Molise op 31 Maart 2024 voor. Skryf jou antwoord in die tabel van jou ANTWOORDBOEK neer.

Kananelo Molise het vir jou die volgende inligting gegee en gevra dat jy die staat van NETTO WAARDE moet opstel.

Eiendom R150 000; Klere rekening R4 500; Lening van oom R2 000; Voertuig R75 000; Meubels R123 000; Kredietkaart R30 000; Rekenaar R12 400; Spaarrekening R4 000; Geld in die bankrekening R1 670; Selfoon R2 100

(15 x 1) (15)

TOTAAL AFDELING C: 65